Dinsdag 16 Junie
Skrifgedeelte: Romeine 11:25-36
Fokusgedeelte: Romeine 11:36

## Verlossing van sondaars is net die begin van die herskepping

Wanneer 'n mens hoor van die evangelie van Christus, dink jy tereg aan die verlossing wat Hy aan die kruis vir sondaars gebring het. Dikwels oorheers die verlossing van sondaars 'n mens se gedagtes só dat jy dink dit is nou al wat Christus kom doen het. Die verlossing van die kroon van God se skepping is beslis die belangrikste deel van sy werk, maar dit is nie al wat Hy kom doen het nie. In al elf die hoofstukke vooraf het Paulus verkondig hoe groot God se genade vir die mensdom in sy Seun is. Deur Christus het daar verlossing gekom vir sondaars.

In die verkondiging van die verlossing van mense is daar ook melding gemaak van die res van die skepping. God openbaar Homself in sy skepping en die skepping smag na die bekendmaking van God se kinders. Wanneer Paulus dan in 'n loflied uitbreek aan die einde van Romeine 11 en hy sluit die lied met vers 36, dan hoor 'n mens dit gaan nie net oor die verlossing van mense nie, maar die herskepping van die ganse skepping. Die aanhalings in vers 34 en 35 kom uit gedeeltes wat betrekking het op die verhouding tussen God en sy skepping. Daarom verwys alle dinge in vers 36 na die mens en die res van die skepping. Alles wat bestaan, kom uit God se gedagtes voort; alles het deur Hom tot stand gekom en bly in stand, want alles bestaan tot verheerliking van Hom. Die ganse skepping sal weer sonder hindernis die lof van God besing en daar sal nooit weer 'n vals noot wees nie.

Mag die Heilige Gees elke verloste dan ook nou gebruik om die skepping te begin voorgaan in die lofverheffing van die Here.

*Sing: Psalm 150-1:1, 3*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*